

Boer met 'n plan

“As jy roofdiere suksesvol wil beheer en bestuur, móét jy hulle verstaan en hul gewoontes ken,” sê Niel Viljoen, bekende roofdierkenner. In dié artikel gee hy praktiese riglyne vir die bestuur van roofdiere. Dit is 'n uittreksel uit 'n DVD oor sy bestuursprogram waarmee hy reeds groot sukses behaal het. Die DVD is by die NWKV beskikbaar.



Drie jong jakkalsies wat die wêreld rondom die gat begin verken.

Die eerste stap in die opstel van 'n bestuursprogram om roofdiere te beheer, is om die spesies wat op jou plaas voorkom te identifiseer. Die grootste probleme word deur die rooijakkals en die rooikat veroorsaak.

“In sekere streke kom daar hoofsaaklik rooijakkalse voor en in ander streke rooikatte,” sê Niel, skaapboer van Loxton en een van die land se voorste roofdierkenners.

Hy praat uit ondervinding en kennis wat hy oor jare opgebou het deur onder meer ure in die veld deur te bring om roofdiere te bestudeer en 'n insig in hul gewoontes en gedragspatrone te kry.

Niel, wat met sowat 800 ooie op 6 000 hektaar boer in 'n gebied met baie berg- en leegteveld, het daarin geslaag om sy verliese weens roofdiere op sy plaas tot die minimum te beperk. Hy het die afgelope vier jaar net sewe lammers aan roofdiere afgestaan.



Niel Viljoen, bekende roofdierkenner. Sy praktiese riglyne vir roofdierbeheer is nou op 'n DVD beskikbaar.

“Kennis is mag, daarom moet jy sorg dat jy die spesie, wat by jou voorkom, goed verstaan. Wees op die hoogte van die dier se basiese biologie, sy habitat, gedrag en vang- en vreetgewoontes. 'n Jakkals vang en vreet byvoorbeeld anders as die rooikat.”

In dié artikel bespreek hy die rooijakkals.

Biologie en gewoontes

'n Rooijakkals se lewensduur is sowat ses tot agt jaar. Hulle paar gewoonlik tussen Mei en Augustus, maar hoofsaaklik in Mei en Junie.

Dragtigheid duur normaalweg 60 dae, afhangende van die beskikbaarheid van prooi. Werpsele kan uit een tot ses kleintjies bestaan, afhangende van die habitat en die beskikbaarheid van kos.

Volgens Niel het die grootte van die werpsels die afgelope paar jaar toegeneem. Vroeër was dit twee tot drie kleintjies, maar vandag kan daar tot ses wees. Die grootte van die werpsel is direk gekoppel aan die beskikbaarheid van kos.

“In baie gevalle is dit juis op plase waar swak roofdierbestuur toegepas word, die kleintjies tussen kleinvee gebore word en van 'n vroeë ouderdom af net kleinvee as voedselbron ken waar die werpsels só groot is,” sê Niel.

Die tipiese huishouding in 'n territoriale gebied bestaan gewoonlik uit die reu, teef en

een kleintjie, of helpertjie, uit die vorige jaar se werpsel wat help om die nuwe werpsel groot te maak deur onder meer kos te help aandra nadat die kleintjies gespeen is. Wanneer daar genoeg helpertjies is, weet die teef ook dat sy in staat is om 'n groter werpsel suksesvol groot te maak.

Die rooijakkals kry haar kleintjies in 'n gat, terwyl die rooikat 'n bos verkies. Die kleintjies begin ná drie weke uit die gat kruip om sonlig te soek en bly naby die gat se opening. Soggens is dus die beste tyd om die neste te besoek om vas te stel hoeveel kleintjies daar is.

Ná 14 weke begin die kleintjies op hulle eie om klein prooi soos insekte en akkedisse te jag. Op die ouderdom van agt tot 12 maande verlaat hulle die ouers, vorm klein troppies van drie tot ses en begin self jag.

Sodra die volgende teelseisoen begin, verdryf die ouers gewoonlik die jonges uit hul territoriale gebied en moet die jonges hulle eie gebiede soek.

Habitat

Die jakkals se nes sal gewoonlik naby water wees omdat die teef en haar kleintjies gereeld water moet drink. Indien daar koppies naby is, sal hulle die hoërliggende dele vir veiligheid verkies sodat hulle gevaar kan sien aankom.



Die rooijakkals wat boere groot skade berokken. Let op na sy lang kopbeen, wat help dat die bek groot kan oopmaak en hom in staat stel om lammers aan die kop te byt.

Niel sê boere moet hulle velskoene aantrek en hulle plase van nuuts af leer ken. “Glo my, die jakkals ken jou plaas beter as jy.”

Rooijakkalse is baie lief om erdvarkgate te beset en woon dikwels saam met erdvarke in dieselfde gat.

“Dit is belangrik dat boere eers baie seker maak dat die gat wel dié van ’n jakkals is voordat hulle beheermaatreëls begin toepas,” waarsku Niel. Daar kan ook ander diere in die gat woon wat dan onnodig van kant gemaak word, soos die aardwolf.

“Kennis is mag daarom moet jy sorg dat jy die spesie, wat by jou voorkom, goed verstaan.”

Die gate kan geïdentifiseer word deur eerstens te kyk of ’n gat meer as een ingang het – jakkalse trek nie in ’n gat in as dit nie ’n voordeur, agterdeur en ook ’n sydeur het waardeur hulle kan ontsnap nie.

Let op na die bene wat rondom die gat lê. Ystervarke dra ook bene na hulle gate toe, maar dit sal verskil van die bene wat by jakkalse se gate gekry word. Omdat die ystervark ’n knaagdier is, sal die bene knaagmerke toon.

Jakkalse se bene sal klein tandmerkies toon soos wat die kleintjies daaraan gevreet het. Let ook op vir bladbene. Die blad kom die maklikste los van die lam en word na die nes gedra.

Die loopgebied van ’n jakkals wissel van nege tot 35 vierkante kilometer.

Vreetgewoontes

Die jakkals is ’n opportunistiese vreter en sy vreetgewoontes word bepaal deur die

habitat, reënval en teenwoordigheid van ander karnivore.

Ontledings van die pensinhoud van jakkalse toon dat hulle bessies, grasse, sade, insekte, reptiele, akkedisse, muise, hase, dassies en kleinvee vreet. Die jong jakkalsies is baie lief vir bessies. Dassies is ook ’n groot gunsteling van jakkalse.


Die vreetpatroon van die jakkals verskil van dié van die rooikat en daarom kan ’n boer identifiseer watter dier sy lammers gevang het.

Die jakkals het ’n lang kakebeen en kan sy bek groot oopmaak. Omdat die lammers gewoonlik heelwat groter is (die jakkalse in Niel se distrik weeg sowat 8,5kg), is die vanggewoonte om die dier aan die kop te gryp, hom op die grond neer te gooi en onmiddellik te begin vreet.

Om vas te stel of ’n lam deur ’n jakkals gevang is, moet die boer na die kop van die dier kyk. ’n Gaatjie van die een slagtang sal gewoonlik tussen die oor en die oog sigbaar wees, terwyl die ander gaatjie onder die kaak sal wees.

Jonger jakkalse wat nog leer, sal die dier dikwels skeur. Die neus is dikwels af en die ore geskeur.

’n Jakkals kan verwoesting saai in ’n boer se kleinveekudde.



“Dit is belangrik dat boere eers baie seker maak dat die gat wel dié van ’n jakkals is voordat hulle beheermaatreëls begin toepas.”

Jakkalse skeur gewoonlik die lies oop, trek die binnegoed uit en werk dan onder die ribbes in om by die organe uit te kom. As daar nog kleintjies by die nes is, sal die jakkals die niertjies, longe en hart vreet en dan by die nes uitbraak sodat die kleintjies kan vreet.

Rooikatte stel weer glad nie belang in die binnegoed nie en vreet aan die boud.

Gedragspatrone

“Die jakkals het vaste gedragspatrone waarvan hy nie afwyk nie,” sê Niel. Hulle drink redelik baie water en sal altyd op presies dieselfde plek drink, soos ’n bepaalde kant van ’n krip.

Die drinkplek is dan ook een van die plekke waar tegnologiese ingespan kan word om die kerngebiede van die diere te monitor, soos om ’n kamera daar op te stel.

“Dit is noodsaaklik om vas te stel waar die dier se kerngebied, of adres, op jou plaas is, omdat jy dan met beheermaatreëls kan begin.”

Niel het 19 kameras op sy plaas wat die diere se bewegings 24 uur, sewe dae per week, monitor. Dit is sy oë in die veld. Die kameras word gereeld in die kerngebiede verskuif sodat hy dadelik kan sien as daar ’n toename van diere is en roofdierbedrywighede toeneem.

Niel sê die grootste les wat hy deur die jare geleer het en hom respek vir die jakkals gegee

het, is die dier se ongelooflike aanpassingsvermoë en oorlewingsdrang.

“As jy vandag ’n plan maak om jou lammers te beskerm, het die jakkals die volgende dag ’n nuwe plan. Hulle leer ongelooflik vinnig.”

Niel beklemtoon dat die belangrikste beginsel wat met sy bestuursprogram geld, is dat die boer die natuur en die diere moet respekteer. “Bly asseblief weg van gif. Dit laat net onskuldige diere ook vrek.”

Die DVD oor roofdierbeheer is by die NWKV se hoofkantoor in Port Elizabeth en by al die provinsiale kantore beskikbaar en kos R175 (BTW ingesluit, maar posgeld uitgesluit).

Niel Viljoen het deur die jare verskillende metodes op die proef gestel om jakkalsgetalle op sy plaas in die Loxton-distrik te bekamp:

- Hy het lamtye verander en lamkampe en beweidingstelsels gereeld gewissel – sonder sukses.
- Hy het vir ’n tyd lank probeer om saam met die roofdiere te oorleef en het allerlei proewe gedoen, soos om net die reun en die teef te skiet en die jonges te laat oorleef. Hy het gemeen dat die jonges by die ouers leer om lammers te vang. Hy het geredeneer dat as hy die ouers sou uitroeï, die jonges eerder kleinwild (hase en dassies) sou vang. Dit het nie gewerk nie.
- Die uitskiet van die jonges om die aanwas te stop was ook nie suksesvol nie.

Dit het Niel laat besef dat bestuur die enigste uitweg is en só het sy roofdierbestuursprogram beslag gekry. 